# Die Voortrekkermonument en Natuurreservaat
## Opvoedkundige programme

### Voortrekkermonument (VTM)

Besoek een van die indrukwekkendste monumente in Afrika en 'n SA Graad 1-nasionale erfenisterrein. Leer meer oor die Groot Trek, die Voortrekkers en die pionierslewenswyse. Besigtig een van die langste marmerfriese in die Nuwe Wêreld, tapisserieë met meer as drie miljoen naaldwerksteke, die senotaaf, historiese vlae, kultuurhistoriese voorwerpe, die Johanna van der Merwe-eeufeeswa en die kanon "Grietjie".
Talle KABV-begeleide toere om uit te kies: kuns, ontwerp, SW, LV, ens.



### Funda Ontdekkingsentrum (FOS)

**Die sentrum** beskik oor verskeie media, van museumvoorwerpe en argeologiese artefakte tot oudiovisuele toestelle en voorwerpe, om opvoedkundige temas gebaseer op die nasionale kurrikulum aan opvoeders en leerders te bied.
Die sentrum is dus 'n skatkis van waardevolle bykomende bronne en word kreatief aangebied deur begeleide toere en interaktiewe leeraktiwiteite. Temas sluit in nasionale simbole, voedsel, nedersettings en materiale soos hout, metaal, leer, klei, keramiek, glas, gras en tekstiele.

**Kurrikulumgebaseerde programme sluit in:**
Toeka tot nou (Gr. 1-3, LV en WISK)
Van jagter-versamelaars tot moderne mens (Gr. 4-6, SW en NW)
'n Verskeidenheid ekstra aktiwiteite soos broodbak op die pioniersmanier, poskaarte, pos, kleivoorwerpe maak, waterfiltreerders, tromlesse en vele meer.






### Erfenissentrum (ES)




Die Erfenissentrum is aanvullend tot die kurrikulum, veral vir hoërskoolleerders en studente. Die biblioteek en argief is ideaal vir naslaanwerk en navorsing en fokus op Suid-Afrikaanse geskiedenis en kultuurgeskiedenis. Die Afrikaner Bakens en Brûe-uitstalling (1902 – 2007) kweek erfenisbewussyn en poog om 'n objektiewe en geloofwaardige blik te gee van die Afrikaner se rol en bydrae tot Suid-Afrika gedurende die 20ste eeu.

### Fort Schanskop (FS)




Fort Schanskop is in 1897 opgerig as een van 'n reeks van vier forte met die doel om Pretoria teen vyandelike invalle te beskerm. Schanskop is eerste voltooi en is die bes bewaarde van die vier forte. Fort Schanskop is sedert Junie 2000 die eiendom van die Voortrekkermonument en huisves verskeie interessante uitstallings oor die Anglo-Boereoorlog (Suid-Afrikaanse oorlog).
Besoek Fort Schanskop saam met 'n geregistreerde toergids, vuur die kanon af en geniet 'n boeresportdag (sakresies en toutrek).

**OPVOEDKUNDIGE PROGRAMME VOLGENS KABV-KURRIKULUM MET OPSIONELE AKTIWITEITSBLAAIE EN MEMORANDUMS**

### GRONDSLAGFASE. PROGRAMME: GR. 1 – 3

| TOE EN NOU (LV & WISK) | FUNDA ONTDEKKINGSENTRUM (FOS) |
|---|---|
| GRAAD 1 | Inleiding (vroeë gemeenskappe - die San), broodbak, FOS-skatkaartspeletjie, Zuluhut (waarvan verskillende huise gemaak word), weerverslag. |
| GRAAD 2 | Suid-Afrika se nasionale simbole, FOS-skattejag, vervoer, weerverslag, grondtipes, kleios/waterfiltreerder en kommunikasie - pos ‘n poskaart. |
| GRAAD 3 | Inleiding (vroeë gemeenskappe - die San), broodbak, FOS-skatkaartspeletjie, oudhede, weerverslag, maak kleibakstene (van klei tot baksteen). |

| TRADISIONELE MONUMENTTOER GR 1 - 3 | VOORTREKKERMONUMENT (VTM) |
|---|---|
| SOSIALE WETENSKAPPE | Die lewe gedurende die Groot Trek. Temas: voedsel, kleding, diereversorging, inheemse speletjies, vestiging, jag en leerwerk. |
| LEWENSVAARDIG-HEDE | Tradisionele Zoeloekultuur. Lewenswyse van die Afrikanerpioniers. |





### INTERMEDIÊRE FASE. PROGRAMME: GR. 4 – 6

| JAGTER-VERSAMELAAR TOT MODERNE MENS (SW) | FUNDA ONTDEKKINGSENTRUM (FOS) |
|---|---|
| GRAAD 4 | Vervoer, kommunikasie, die San, nedersettings, voedsel, broodbak, FOS-skattejag, boerdery, water, die weer. |
| GRAAD 5 | Lewenstyl en godsdiens van die San, Khoi-Khoi, eerste boere in RSA, |

| | |
|---|---|
| | broodbak, FOS-skattejag, RSA-erfenisterreine, kaartwerk, die weer. |
| GRAAD 6 | Mapungubwe, Groot Zimbabwe, die invloed van Europese ontdekkers op RSA, handel, demokrasie en burgerskap, kaartwerk, weer, klimaat. |

| **TRADISIONELE MONUMENTTOER (SW)** | **VOORTREKKERMONUMENT** |
|---|---|
| GRAAD 4 | Vervoer (waens, osse en perde). Leierskap gedurende die Groot Trek en die vrouens se rol. Vroeë Pretoria-geskiedenis en die Groot Trek. Die Christendom en morele lesse te leer uit die Groot Trek. |
| GRAAD 5 | Sentrale beesboer-staduitleg en die Monument. Kultuurfeeste en religieuse feeste van die Afrikaner. |
| GRAAD 6 | Invloede: Afrika, Groot Zimbabwe en die Monument. Nasiebou; kultuurerfenis; geslag-stereotipering. |

| **VISUELE KUNSTE** | **VOORTREKKERMONUMENT** |
|---|---|
| GRAAD 4 - 6 | Die volgende is op uitstalling vir bespreking: Marmerfries (92 m lank x 1.2 m hoog); tapisseriepanele (30 m lank x 1 m); Brons- en granietbeelde; W.H. Coetzer se olieverfskildery (10 m wyd x 4 m hoog).<br>Ons dek die volgende kunsbeginsels tydens toere:<br>• Media uit die plaaslike omgewing;<br>• Tegnieke: olieverf, beeldhouwerk, tapisserie;<br>• 2- en 3-dimensionele kuns: ruimte en diepte;<br>• Tekstuur en materiaal;<br>• Ontwerp en balans;<br>• Diere en mens in beweging of staties;<br>• Vorm, proporsie en lynwerk;<br>• Groepering van figure;<br>• Realisme, gestileerde realisme, abstrakte kuns<br>• Kleur: skaduwerking, kontras, monochroom, kleurvermenging, primêre en sekondêre kleure<br>• Argitektuur: patroonversiering en uitstralende patrone, Afrika-invloede & Monumentuitleg |







# Die Voortrekkermonument en Natuurreservaat
## Opvoedkundige programme

### SENIOR FASE. PROGRAMME: GR 7 – 9

| KUNS & ONTWERP | VOORTREKKERMONUMENT |
|---|---|
| GRAAD 7 - 9 | Beeldhouwerk, marmerfries en tapisserie: komposisie, monochroom, ontwerp, gestileerde realisme, algemene Afrika-invloede en kunsbeginsels.. |

| TRADISIONELE MONUMENT TOER (SW) | VOORTREKKERMONUMENT |
|---|---|
| GRAAD 7 | Kolonialisering van die Kaap en gevolge daarvan. Verskuiwende grense en kulturele kontak. |
| GRAAD 8 | Industriële revolusie. Minerale revolusie – Anglo-Boereoorlog. Migrasie en verstedeliking – Groot Trek, difaqane, konsentrasiekampe. Stormloop vir Afrika in die laat 19$^{de}$ eeu (imperialisme en kolonialisme). |
| GRADE 9 | Keerpunte in SA – Afrikanernasionalisme. |


### VOO-FASE. PROGRAMME: GR 10 - 12

| KUNS & ONTWERP | VOORTREKKERMONUMENT |
|---|---|
| GRAAD 10 - 12 | **AFRIKA-INVLOED OP ARGITEKTUUR EN UITLEG:**<br>Groot Zimbabwe. San rotskuns. Materiale. Die veeboer nedersettingspatroon. Afrikanersimboliek. Die wa-wiel as leitmotiv. Kunsproses – ontwerp, beeldhouers, besonderhede.<br><br>**DIE MARMERFRIES:**<br>92 m lank x 1.2 m hoog. Ontwerp, skeppingsproses. Vier kunstenaars se siening en die Italiaanse konneksies. Die gebruik van mondelingse oorlewering, kultuurgeskiedenis en etnologie. Heldefigure, nasionalistiese uitbeelding. Stereotipering van die vrou.<br><br>**DIE TAPISSERIE:**<br>30 m lank x 1 m hoog. Skeppingsproses. Ontwerp, kleurgebruik en tegniek. Kuns teenoor vlyt. |


| GEOGRAFIE | VOORTREKKERMONUMENT / TERREIN |
|---|---|
| GRAAD 10 | **BOSVELDKOMPLEKS & VORMING VAN DIE MAGALIESBERGE**<br>Uitkykpunte en 7 rotstipes op terrein – stolling en sedimentêr (skalie, leiklip, sandsteen, graniet, 2 tipes marmer, chert, dolomiet). Ons verken formasies en voorbeelde op die terrein, marmer in die Monument, groot kaarte en visuele materiaal as verwysing. |

| GESKIEDENIS | VOORTREKKERMONUMENT / FORT SCHANSKOP / FUNDA ONTDEKKINGSENTRUM / ERFENISSENTRUM |
|---|---|
| GRAAD 10 | **SUID-AFRIKAANSE OORLOG (1899-1902):**<br>Monumentbesoek vir konteks voor die oorlog. Besoek Fort Schanskop op die terrein. Geniet die afvuur van kanon Susanna elke eerste Vrydag van die maand om 12:00. |
| | **AFRIKA-KONINKRYKE: GROOT ZIMBABWE EN MAPUNGUBWE:**<br>Inleidende lesing – nedersetting en nasievorming. Bespreek ikoniese voorwerpe – trom, simboliek van 'n deur, reënmaakpraktyke, inisiasie. Die argitektuur van die Funda Ontdekkingsentrum en die Voortrekkermonument. |
| GRAAD 11 | **ERFENIS EN AFRIKANERNASIONALISME:**<br>Temas: Erfenis; Groot Trek-oorsig; historiese bronne; versoening; 'n multikulturele SA. Besoek die Afrikanerbakens-uitstalling: "Pioniers, Bakens en Brûe". |

| GESKIEDENIS | SKOOLINSTAPPIES |
|---|---|
| GRAAD 10 | **SUID-AFRIKAANSE OORLOG:**<br>"PowerPoint"-voorlegging. Kies 3 uit 6 temas: (1) Die logistiek van oorlog en blokhuise; (2) Konsentrasiekampe; (3) Krygsgevangenes; (4) Swart, Indiër en bruin deelname aan die oorlog; (5) Strewes voor en ontnugtering na die oorlog; (6) Werk met bronne. |
| | **AFRIKA-KONINKRYKE: GROOT ZIMBABWE EN MAPUNGUBWE:**<br>"PowerPoint"-voorlegging en replika-voorwerpe. Inleidende lesing – nedersetting en nasievorming. Bespreek ikoniese voorwerpe – trom, simboliek van 'n deur, reënmaakpraktyke, inisiasie. Die argitektuur van die Funda Ontdekkingsentrum en die Voortrekkermonument. |
| | **AFRIKA-KONINKRYKE – SONGHAI:**<br>"PowerPoint"-inleidende lesing en replika-voorwerpe. Songhaitydperke: tydlynoorsig. Bespreek konservering en argiewe, universiteite, studente en lesings. Ontwerp van die Ahmed Baba Instituut en moskees. Invloed van godsdiens en intellek op kultuur. |
| GRAAD 11 | **OORWEEG JOU BRONNE:**<br>Bronne: Argitektuur met Afrika- en Westerse invloede. Simboliek – tradisionele interpretasie en herintrepetasie. Kunstenaarsvoorstelling – die proses, invloede en uitbeelding. Geskiedkundige voorwerpe en foto's as bronne. Sekondêre bronne (*Grahamstown Journal*, traktaat, memoires, ens). |








FUNDA ONTDEKKING-SENTRUM
FUNDA PROGRAMME NOU AANLYN BESKIKBAAR!
BESKIKBAAR VANAF MAART 2021
NUUT
KABV UITKOMSGEBASEERDE PROGRAMME
TOE EN NOU (GRAAD 1 - 3) & VAN JAGTER-VERSAMELAAR TOT MODERNE MENS (GRAAD 4 - 6)
KAN NOU VANUIT DIE KLASKAMER BEHANDEL WORD
VIND MEER UIT BY
WWW.FUNDASENTRUM.ORG.ZA

# Die Voortrekkermonument en Natuurreservaat
## Opvoedkundige programme

**Skoolgroepbesprekings by kliëntediens**

012 326 6770 • klientediens@vtm.org.za • www.vtm.org.za / www.fundasentrum.org.za

Besigheidsure: 08:00 – 16:00

Tale: Afrikaans, Engels, Tshwana, Pedi, Zulu en Xhosa

* Ingesluit in die tarief: toegangsfooi, 1 opvoeder gratis per per 30 leerders, program soos aangedui, aktiwiteitsblaaie vir leerders en memorandums (waar van toepassing) en gratis busparkering.

### Maart 2021- Februarie 2022: Tariewe vir programme en bykomende aktiwiteite

| Program / pakket | Beskrywing | Fasiliteit | Duur | Tarief* p.p. |
|---|---|---|---|---|
| Tradisionele Monumenttoer | Grondslag, Intermediêre of Senior Fases (Gr. 1 – 9) | VTM | 1 - 2 ure | R60 |
| Toe and Nou | Grondslagfase (Gr. 1 – 3) | FOS | 3 ure | R75 |
| Jagter-versamelaar tot moderne mens | Intermediêre fase (Gr. 4 -6) | FOS | 3 ure | R75 |
| Visuele kunste / Kuns- en Ontwerptoer | Intermediêre fase (Gr. 4 – 6); Senior fase (Gr. 7 – 9) | VTM | 2 ure | R60 |
| Geografie / Geskiedenistoer | VOO-kurrikulum (Gr. 10 – 12) | VTM / FS/ ES/ FOS | 2 ure | R60 |
| Voldagaktiwiteit-program | Tradisionele Monumenttoer met leerplantemas, tradisionele broodbak, toutrek en sakresies, en afvuur van kanon Susanna. | VTM, FS, FOS | 08:00 – 13:00 | R150 |
| Skoolinstappies | Ons kan jou skool besoek om 'n lesing aan te bied | Tshwane skole | 2 – 3 periodes | R45 |

| Ekstra Aktiwiteit | Beskrywing | Fasiliteit | Duur | Tarief p.p. |
|---|---|---|---|---|
| Waterfiltreerder | Maak 'n waterfiltreerder van herwinbare materiaal | FOS | 30 min | R10 |
| Broodbak | Broodbak op die pioniersmanier | FOS | 40 min | R900 p. groep van 120 |
| Klei | Maak 'n kleios, pot of miniatuur baksteen | FOS | 30 min | R10 |
| Poskaart | Leer hoe om 'n poskaart te pos | FOS | 30 min | R10 |
| Kanonskoot | Demonstrasie: vuur kanon Susanna af | FS | 30 min | R1750 p. groep |
| Boeresport | Sakresies en toutrek | FS | 30 min | R10 |
| San vuurmaak | Aktiwiteit aangebied deur Adventure Zone. Ouderdom: 8 jaar en ouer | AZ | 1 uur | R700 + R30 p.p. (min. 15 leerders) |
| Tromlesse | Aktiwiteit aangebied deur Adventure Zone. Ouderdom: 8 jaar en ouer | AZ | 1 uur | R900 + R40 p.p. (min 15 leerders) |
| Begeleide staproete | Aktiwiteit aangebied deur Adventure Zone. 3 km of 5 km roete. | AZ | 1 - 3 ure | R300 + R30 p.p. (min 15 leerders) |

**Skakel of e-pos ons gerus vir unieke pakkette en spesiale versoeke**

**KOSPAKKIES VIR SKOOLGROEPE:**

**Bestellings vir kospakkies vir leerders kan by Tindlovu geplaas word. Kontak Zandrie Kotzé by vtm@tindlovu.co.za.**

